**Wanneer is die Eindtyd? Omgeegroepe 23-29 Aug 2015**

**1. Lief en leed –** Deel met mekaar die lief en leed van die afgelope paar weke asook wat jou Sondag met die eredienste getref het.

**2. Ingenooi in God se rus en tyd –** Ons leef elke oomblik in God se stille teenwoordigheid. Raak rustig en stil en besef dat die Almagtige by jou is en dat jy/julle die voorreg het om met vrymoedigheid tot Hom te nader. Sê in stil gebed vir Hom dankie die voorreg om met Hom in ‘n verhouding te mag staan.

**3. Luister na God se Woord -** Lees nou 1 Petrus 1:1-25 eers in stilte deur. Maak beurte in die groep om dit afwisselend hardop deur te lees. [Vers 1-2, 3-9, 10-12, 13-16, 17-21 en 22-25.] Watter vers/gedagte tref jou die meeste? Wat sê hierdie gedeeltes oor die wederkoms, eindtyd, wegraping en einde van die tyd?

**4. Luister na mekaar en die wêreld** – Deel met mekaar oor hoe verskillende mense die dood, die wederkoms, die wegraping en die eindtyd beskou. Hoe sien julle dit? Wat is die verband daartussen? Daar bestaan nie iets soos die wegraping nie, maar tog dink party mense so.

**5. Luister nou weer na die Woord –** Lees nou weer 1 Petrus 1:1-25 asook Matteus 24:3-30. Hoe sou julle die twee gedeeltes met mekaar verbind? Beide gedeeltes vertel iets van die eindtyd en die einde van die tyd. Die Eindtyd het reeds aangebreek met Jesus se eerste koms na die aarde. "Die koninkryk van God het naby gekom." sê Markus 1:15. 1 Petrus 1:20 sê: “Reeds voor die skepping van die wêreld is Hy hiervoor bestem, maar ter wille van julle het Hy eers in hierdie eindtyd gekom.”

God het met sy heelmakende krag in hierdie wêreld ingebreek het en besig is om alles nuut en heel te maak! God het in die vorm van 'n mens na die wêreld gekom om dit met Homself te versoen. Dit het reeds gebeur. Maar die volle heerlikheid het nog nie aangebreek nie. Eers wanneer Jesus weer kom met sy wederkoms, kom die koninkryk in sy volle glorie en word alles finaal nuut en heel gemaak. Intussen leef ons met die spanning van die koninkryk van God wat reeds gekom het, maar nog nie in sy volle heerlikheid nie. Ons leef as vreemdelinge in hierdie wêreld.

**6. Fokus op wat God doen –** God stuur sy Seun, ons Here Jesus Christus. Hy ly, sterf aan die kruis en staan op uit die dood. So oorwin Hy dood, die bose en die Hel en dra Hy namens ons die straf van God oor die sonde. Met sy opstanding breek die duisendjarige vrederyk aan. Die 1000 jaar gaan nie oor die aantal jare nie, maar is simbolies vir ’n afgeslote tydperk. Dan kom Jesus Christus weer, die keer nie as Een wat dien en verlos nie, maar as Een wat heers en oordeel. Met sy wederkoms sal elke knie buig en elke tong erken dat Jesus die Here is! (Filippense 2:10-11).

**7. Antwoord met ons lewe –** Ek en jy het die voorreg om tot en met die wederkoms, of ons dood, watter een ook al eerste kom, die Here te dien en te eer in die tyd van ons vreemdelingskap in hierdie wêreld. Ons is in die wêreld, maar nie van die wêreld nie. Ons is burgers van die koninkryk van God wat met verwagting uitsien na sy wederkoms en met hoop en liefde lewe totdat Hy ons kom haal. Ons kan saam met die gelowiges van alle tye uitroep: “Maranatha! Kom gou Here Jesus!” En tot dan leef ons met gehoorsaamheid en oorgawe aan Hom!

**8. Bid nou saam -** Loof die Here dat Hy die Alpha en die Omega is; die Begin en die Einde, die eerste en die Laaste! Dank Hom dat Hy vir ons lewe in oorvloed hier en nou kom gee, asook die ewige lewe. Dank Hom dat Hy weer kom om ons te kom haal om in ewige heerlikheid by Hom te wees, maar ook die genade en hoop gee om voluit te lewe totdat Hy weer vir ons kom!

**9. Administrasie**
Reël julle diensbeurte en die volgende byeenkoms.